

## HOE TEGEMOETKOMEND IS ONS KERK TEENOR PERSONE MET GESTREMDHEID?



Die volgende punte kan 'n gemeente help om gesprekvoering rondom die insluiting van gestremdes in die kerk aan te moedig:

### 1. Toegang tot geboue en fasiliteite

Is al die geboue en fasiliteite toeganklik vir gestremde persone? Sluit dit toilette vir rolstoel-gebruikers in?

**Wenk:** Op die RampUp webtuiste onder 'Buildings for Everyone' kan riglyne gevind word oor hoe om geboue meer toeganklik te maak.

### 2. Eredienste

Tydens eredienste, kan gestremde persone gemaklik deelneem aan al die aspekte van die erediens? Byvoorbeeld:

- a. Sakramente soos die Nagmaal: is dit haalbaar vir alle gestremdes om aan die bediening van die sakramente deel te neem?
- b. Sitplek: is daar voldoende ruimte vir rolstoele sodat daar nie in die paadjies gesit hoef te word nie?
- c. Musiek bediening: word 'n gestremde in staat gestel om 'n hiervan deel te wees?
- d. Word plekaanwysers ingelig oor hoe om gestremdes teopaslik by te staan?

**Wenk:** Vra lidmate met 'n gestremdheid is hoe hulle die erediens ervaar.

### 3. Groepaktiwiteite

Kan gestremde lidmate aan alle groep-aktiwiteite van ons kerk deelneem?

- a. Gemeente-komitees
- b. Bybel-onderdig vir volwassenes en kinders: bv. Bybelstudie of Sondagskool/Kategese
- c. Dienslewering binne die gemeente: bedieningsgroepe ens.
- d. Gemeentelike byeenkomste: die jeug, kampe, vermaak en sosiale aktiwiteite

**Wenk:** Neem alle aktiwiteite van die gemeente in oënskou: Is alle gestremde lidmate daartoe in staat om ook hulle geestelike gawes in die kerk uit te leef?

#### 4. Benaderings ten opsigte van bewusmaking

Dit kan raadsaam wees vir die kerk om die volgende benaderings te volg:

- a. Kry planne in plek vir die insluiting van gestremdes: Reflekteer jaarliks oor toeganklikheid en insluiting
- b. Bevorder bewusmaking vir insluiting van gestremdes deur middel van die jaarlikse Sondag vir Persone met Gestremdheid; die laaste Sondag in Augustus
- c. Moedig goeie verhoudings aan met gestremde persone
- d. Wys iemand binne die kerk aan om verantwoordelikheid te neem vir die bevordering van die insluiting van gestremde lidmate

**Wenk:** Laat genoeg tyd en geleentheid binne die kerk-program toe om spesifiek aand hierdie sake te aandag te gee.

#### 5. Gesinne wat geraak word deur gestremdheid

Is daar bewusmaking rondom die behoeftes van gesinne wat saamleef met die versorging van 'n familielid wat gestremd is?

Word hierdie gesinne gereeld besoek en word hulp en bystand aangebied?

**Wenk:** Vind uit watter gesinne in ons kerk deur gestremdheid geraak word.

VIR MEER INLIGTING RAKENDE ENIGE VAN DIE BOSTAANDE PUNTE, BESOEK DIE WEBTUISTE [WWW.RAMPUP.CO.ZA](http://WWW.RAMPUP.CO.ZA) en kontak ons by [erna@tlm.co.za](mailto:erna@tlm.co.za)